2019/04/15
08:50 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2019/04/15	DATUM 2019/04/12			+ - WEEK GELEDE 2019/04/08		+ - MAAND GELEDE 2019/03/18		+ - JAAR GELEDE 2018/04/16	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	71.55	0.00	0.0%	71.55	7.1%	66.82	15.3%	62.05	10.2%	64.95
US$: ? ZAR	13.96	0.010	0.1%	13.95	-3.2%	14.42	2.7%	13.59	18.0%	11.83
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 1 983.97	7	0.3%	R 1 977.06	*CBOT May cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn May + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 382.10	22	0.9%	R 2 359.89	*CBOT May cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat May + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 591.86	1	0.0%	R 4 590.62	* CBOT May cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans May + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies May '19	361.00	1.00	0.3%	360.00	-3%	373.20	-4%	374.20	-13%	414.25
Koring May '19	464.40	4.00	0.9%	460.40	0%	462.20	-10%	517.20	-17%	558.25
Sojabone May '19	895.20	-0.40	0.0%	895.60	-2%	909.20	-2%	914.40	-14%	1037.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM	3568.00	0	0.0%	3568.00	-6.6%	3820.00	-6.6%	3820.00	13.3%	3150.00
WMAZ Spot	2631.00	16	0.6%	2615.00	-2.7%	2705.00	-5.1%	2771.00	19.7%	2198.00
WMAZ Jul '19	2722.00	8	0.3%	2714.00	-3.1%	2810.00	-5.7%	2888.00	19.0%	2288.00
YMAZ Spot	2548.00	5	0.2%	2543.00	-1.8%	2596.00	-4.3%	2663.00	12.3%	2269.00
YMAZ Jul '19	2592.00	1	0.0%	2591.00	-1.8%	2640.00	-4.1%	2704.00	12.4%	2306.00
SOY Spot	4730.00	-7	-0.1%	4737.00	-0.7%	4764.00	-0.5%	4752.00	-6.2%	5044.00
SOY Mei '19	4771.00	-6	-0.1%	4777.00	-1.0%	4820.00	-2.1%	4875.00	-4.6%	5000.00
SUN Spot	4940.00	0	0.0%	4940.00	-3.1%	5098.00	-10.2%	5500.00	0.1%	4933.00
SUN Mei '19	4996.00	13	0.3%	4983.00	-2.9%	5147.00	-4.7%	5241.00	5.9%	4716.00
WHEAT Spot	4543.00	32	0.7%	4511.00	0.0%	4541.00	0.4%	4525.00	24.8%	3640.00
WHEAT May '19	4588.00	33	0.7%	4555.00	-0.6%	4615.00	0.9%	4546.00	24.1%	3697.00
OLIESADE (US$/ton)	2019/04/12	Bron: Oilworld			2019/04/05		2019/03/15		2018/04/13	
Soya-oil, Arg.	633				-0.6%	637	-8%	685	-6%	676
Soya-pell, Arg.	315				0.0%	315	-3%	326	-14%	368
Soybean, USA	370				-0.3%	371	-2%	379	-10%	410
USA Runner 40/50	1300				0.0%	1300	0%	1300	0%	1300
Sun-oil, Arg.	645				0.0%	645	-3%	665	-19%	800
Sun-oil, Black Sea	665				0.0%	665	-1%	675	-11%	750
Sunseed,Black Sea	365				0.0%	365	-1%	370	-11%	409
Rapeseed, EU cif	413				0.7%	410	-1%	417	4%	399
Palmk oil Mal, EU	645				-3.0%	665	-10%	720	-38%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: In Suid Amerika vorder die stroop proses van sojabone goed en daar word baie goeie opbrengste in Argentinië gerapporteer. Die verwagting is dat die Argentynse produksie vir die seisoen ongeveer 56 miljoen ton behoort te wees wat aansienlik meer is as die aanvanklike skatting wat tussen 50 en 53 miljoen ton gewissel het. Die Brasiliaanse produksie vir die seisoen word op tussen 115 en 116 miljoen ton geskat. Alhoewel die laer is as wat aanvanklik hierdie seisoen verwag was, is dit steeds goeie produksievlakke. Die goeie produksie in Suid Amerika plaas steeds druk op die Amerikaanse mark aangesien dit die kompetisie vir die VSA vergroot in die uitvoermarkte. Die VSA het reeds groot sojaboon voorrade beskikbaar aangesien hulle uitvoere hierdie seisoen aansienlik laer as die normaal was, met baie minder uitvoere wat na China toe plaasgevind het. Die Amerikaanse sojaboon uitvoere is steeds laer as wat algemeen gehoop was in die mark met China wat nou weer groot hoeveelhede sojabone vanaf Suid Amerika af invoer. China se sojaboon oliekoek verbruik het ook afgeneem die laaste jaar wat veroorsaak dat die vraag na sojabone effens gedaal het in China. Die plantseisoen in die VSA is aan die gang en die mark sal die vordering van die aanplantings dophou. Die weer gaan ’n groot rol speel in aanplantings veral in die gedeeltes waar dit tans te nat is. Indien die toestande van so aard is dat die mielies nie betyds geplant kan word nie, sal hierdie hektare bes moontlik oorskuif sojabone toe. Dit sal die Amerikaanse sojaboon voorraad verder laat toeneem en kan die mark in die VSA onder druk hou. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit Vrydag as waarteen dit Maandag geopen het.

Sonneblomsaad: Turkye se sonneblomsaad invoere het gedurende Februarie goed toegeneem en die verwagting is dat die aansienlik behoort toe te neem tussen Februarie en Julie 2019. Dit is as gevolg van die 300 000 ton kwota wat tarief vry ingevoer kan word. Daar is ook goeie groei in die vraag na sonneblomolie na lande soos die EU, China, Indië en Iran gerapporteer. Dit het die uitvoere tussen Januarie en Maart 2019 laat toeneem tot en met 3.1 miljoen ton. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week onder druk gekom en het laer gesluit Vrydag as waarteen dit Maandag geopen het.

Kanola: Die handelsgeskille wat steeds voortduur tussen Kanada en China veroorsaak dat die uitvoere van Kanadese kanola teen ’n stadige tempo plaasvind en dat die voorraad in Kanada besig is om te akkumuleer. Die verwagting is dat die Kanadese kanola eindvoorraad einde Julie ongeveer 4.1 miljoen ton behoort te wees. Dit is 2.5 miljoen ton meer as die vorige jaar se eindvoorraad teen dieselfde tyd van die seisoen. Die kanola pryse in Kanada is onder druk aangesien die produsente nog met baie van die vorige seisoen se voorraad sit terwyl die nuwe seisoen aanplantings binnekort begin. Dit sal die produsente in baie gevalle noodsaak om minder kanola hierdie seisoen aan te plant. **Plaaslik:** Die NOK maak die 26ste April die intensies om te plant van wintergrane bekend. Dit sal die mark meer insig gee rakende die verwagte produksie vir die seisoen.

Grondbone: In die nuutste maandelikse SAGIS verslag wat bekend gemaak was is aangedui dat die beskikbare grondboon voorraad aan die einde van Februarie 25 670 ton was. Dit is 33.7% laer as die vorige seisoen se beskikbare voorraad aan die einde van die Februarie. Van die totale beskikbare voorraad was 7 487 ton keur graad, 11 267 ton divers en 6 916 ton persgraad gewees.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos**: luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.